

Skriflesing: Eks 33:7-23 (Eksodus 33 is die hoofstuk tussen die volk se verbondsverbreking en God se verbondsherstel of -vernuwing)

Tema: Skryf die tweede hoofstuk.

Die eerste hoofstuk van die twaalf 12 hoofstuk boek met die titel 2020 is verby. Wat staan in jou hoofstuk?

Het jy hoogte- en laagtepunte beleef? Watter uitdagings, onsekerhede en onstuimighede het oor jou pad gekom? Baie keer lyk dit of in ons land die ratte al stadiger draai. Die Corona virus jaag, met rede, die wêreld op loop.

Ek lees in die nuuste Kerkbode die volgende:

Moreletapark wil op 25-26 Februarie stem oor die pad vorentoe.

Die voltydse dominees in die NG kerk het in die loop van 'n jaar (einde 2018 tot einde 2019) afgeneem met 341, van 1 437 na 1096. Die aantal belydende lidmate het met 17 344 gedaal van 691 050 na 673 706. In bietjie meer as 20 jaar het die getalle amper gehalveer.

In ons eie gemeente ervaar ons 'n afplating of afname van inkomste.

Jong predikante het aangedui dat hul glo dat die NG Kerk oor 20 jaar nog sal bestaan, maar in 'n "ander vorm".

Ek wil aanneem dat baie van u soortgelyke, en groter, uitdagings in die gesig staar.

Hoe hanteer ons hierdie onsekerhede? Moses se uitdagings was reusagtig groot. Hoe het hy dit hanteer?

Sou jy aansoek gedoen het vir Moses se pos met 'n advertensie wat soos volg lyk:

God is jou werkgewer.

Jy moet God se volk deur die woestyn lei, waar kos en water gaan opraak en daar nie 'n eenstop is nie.

Dit is die eerste keer dat die volk van slawerny bevry is. Met ander woorde, hulle gaan maak wat hulle wil. Hulle is 'n moedwillige moeilike klomp wat maklik kla. Hulle gaan soms ongelowig, opstandig, ongehoorsaam en ongeduldig wees.

Sou jy aansoek doen?

Om die volk te lei, is darem God se opdrag. Hy sal sorg en lei. Maar nou mors die volk dit ook op. Sodra Moses sy rug draai, maak hulle 'n sigbare god, 'n goue kalf, en hul aanbid dit. God tref die die volk met 'n ramp. Dit is nog 'n groter ramp as Hy die punt bereik waar Hy sê: "genoeg is genoeg, ek gaan nie meer saam met my volk trek nie."

Wat maak Moses in hierdie krisis?

Ek sou waarskynlik nog 'n plan gemaak het of nog 'n ding probeer doen het. Ek sou gedink het hoe ek so krisis in die verlede hanteer het.

Moses gaan rig 'n tent van ontmoeting op.

Al het die volk drooggemaak, deel hulle in sy ontmoeting met God. Hulle staan op wanneer Moses met God gaan ontmoet. Hulle het by die ingang van hulle tente gebuig in aanbidding as God se teenwoordigheid sigbaar word.

By die tent van ontmoeting sien ons iets van Moses se innige verhouding met God. In stilte en toewyding bring hy tyd met God deur. Dit is net hy en God. 'n Intieme gesprek tussen Moses en God vind plaas. Hy stort sy hart voor God uit.

Ons lees in Eks 33:11; 14-17:

¹¹Die Here het direk met Moses gepraat soos 'n man met sy vriend. Daarna is Moses terug kamp toe, maar sy assistent, die jongman Josua seun van Nun, het nie die tent van ontmoeting verlaat nie.”

¹⁴Toe het die Here gevra: “Moet Ek self saamgaan en vir jou vrede gee?”

¹⁵Toe het Moses vir Hom gesê: “As U nie self saamgaan nie, moet U ons nie van hier af laat wegtrek nie.

¹⁶Hoe sal die mense weet dat ek en u volk u goedgesindheid geniet as U nie saam met ons gaan nie? Dit is juis deurdat U met ons saamgaan dat ons, ek en u volk, anders is as al die ander volke op die aarde.”

¹⁷Die Here het vir Moses geantwoord: “Ook wat jy nou gevra het, sal Ek doen. Ek is jou goedgesind en Ek ken jou op jou naam”

Moses erken sy onvermoë oppad vorentoe. Hy is eerlik met die Here. Hy kan nie self aan sy roeping beantwoord nie. Hy het die Here nodig. Hy kan nie die pad alleen loop nie. Hy kan nie die uitdagings alleen die hoof bied nie. Hy wil die pad saam met die Here loop.

En God, sy Vader praat met Hom soos 'n man met sy vriend. Twee maal lees ons dat Hy sy naam ken en Hom goedgesind is. God is lief vir ons, Hy sorg, Hy ontferm Hom, is genadig en vergewe ons ons sondes.

Maar God bly God, Hy is nie jou en my pël nie. Ons mag nie met Hom in 'n verhouding wees sonder om oorweldig te word deur sy grootheid nie. Ons kan nie anders as om ons te verwonder in sy genade en liefde nie.

God gee gehoor aan Moses se versoek, maar stel ook grense. Hy staan nie al sy versoeke toe nie. As Moses sê dat hy God en sy magtige verskyning wil sien, dan antwoord God nee. Hier is 'n belangrike les om te leer en dit is dat God God bly. Hy is God in beheer en Moses moet sy plek ken.

Waarom kon Moses Hom net van agter sien? Hieroor is baie geskryf.

God sê self dat sy heerlijkheid te groot is. Ons lees in Eks 33:20: “Vir My kan jy nie sien nie, want geen mens kan My sien en bly lewe nie.”

Ons sien ook hierin iets van die misterie van die Here, van die feit dat Hy nie deur ons verstaan of uitgeredeneer kan word nie. Ons moet waak om te glad en te gerieflik oor God te gesels, Hy is doodgewoon te groot. Hy is meer as wat ons kan weet, verklaar of in ons gedagtes kan omvat.

En Hy wil voorloop in die toekoms in. Hy gaan nie net saam met ons nie, Hy gaan voor.

Hoe skryf jy aan die tweede hoofstuk van jou 2020 boek?

Februarie lê voor. Laat God voorloop. Laat Hom toe om God te wees; met ander woorde: “let go-let God.” Kuier gereeld saam met God in jou tent van ontmoeting. En moenie die hoofstuk alleen skryf nie, laat mense toe om met jou saam te loop.

Amen